

EVANGELISERING:

CYFERSKUIL: HOUSE OF SALVATION REFORMED CHURCH

Ek gaan vandag een en ander van die Pastoriemoeder van hierdie jong kerkie vertel. Ndisheni Agnecia Ndo het in Thohoyado, Limpopo grootgeword. Sy was in gr 5 toe haar pa oorlede is. Haar ma het die kinders grootgemaak. Na matriek het Ndisheni 'n sekretariële kursus gedoen. Sy begin werk by 'n chemiese aanleg waar sy indiensopleiding ontvang om as laboratoriumassistent opgelei te word. Haar werkgever sien gou raak dat sy skrande is en leer ook om op die rekenaar te werk, aankope te doen, en haarself oor die algemeen onmisbaar te maak. Sy en haar ma en nog familielede woon in 'n mooi gerieflike huis en uit haar inkomste maak sy die huis mooi vir haar ma.

David Makananisi, ook 'n boorling van Thohoyando besoek dieselfde Kerk as waar Ndisheni kerkgaan. Die twee word in die eg verbind. David keer terug Pretoria toe om die Kerk in Cyfersfontein te begin. Die HOPhuisie wat hy bekom, is 'n tweevertrek plekkie met 'n sementvloer. Ndisheni besluit na 'n tyd dat haar plek by haar man is om hom te help om die klein gemeentetjie te help bou. Sy ervaar dit as haar roeping en in 'n visioen wys die Here haar dat sy daar 'n "teacher" gaan wees.

Vandag het hierdie visioen begin realiseer. Ek en Emma het met haar gaan praat oor die moontlikheid dat sy volgende jaar met Engelse klasse kan begin. Die sinkstruktuur wat as Kerk dien, sal ook haar klaskamer wees. Die tafel met 'n mooi kantdoek oor wat in die kerk staan, is by die buurvrou geleen. Hulle het darem stoele.

Broer, suster as die Here dit op jou hart lê om 'n medewerker te word om hierdie twee mense te ondersteun om die Evangelie uit te dra in Cyfersfontein vanuit die "House of Salvation Reformed Church" is u baie welkom!

EVANGELISERINGSKROEG : BEHOEFTE : CYFERSKUIL

DRINGEND

PROP DAVID SE HUISIE: Kombuistafel, kombuiskas, gemakstoele of enige ander meublement – soos sitkamertafel sowel as eetgerei en glase, tafeldoek – sy werk tans in die kombuis van die vloer af!

MAANDELIKS BENODIG: Dankie weereens vir skenkings ontvang! Ons benodig deurlopend kosvoorraad vir Sondae wat voorberei en verskaf kan word aan werklose gemeentelede en die weeskinders en vra dus bydraes soos meliemeel, sheba, sous- of droë bone, ens minstens eenkeer per maand. Ons be-oog om dan eenkeer per maand af te lewer. Die Desember skoolvakansie lê voor en ons is ook bekommerd oor weeskinders wat net afhanklik is van voeding by die skool – miskien kan ons dubbeld skenk einde November!

VERVOER: Proponent David het geen vervoermiddel nie en enige iemand wat dalk 'n 2-sitplek gholffkarretjie of soortgelyke ligte motor wat gelisensieer kan word teen 'n billike prys kan aanbied laat hoor asb van u!

NASKOOLSENTRUM:

Agnecia be-oog om aan die begin van 2019 'n naskoolsentrum te open by die kerkgebou waar sy kinders kan help met veral Engels. Indien u dalk 'n beskikbare Witbord; "Whitebord Markers"; boeke vir leerders, potlode, uitveërs, liniale en skerpmakers iewers in die huis het sal ons dit graag ontvang!

INFRASTRUKTUUR VIR KERK:

Lidmate wat enige hulp of raad en bystand kan verleen word gevra om na vore te kom en ons by te staan met hierdie projek.

BENODIGDHEDE: Oortollige dinge soos staalstrukture; bou-materiale, waterhouers, tenks, tenkstaanders, waterpype, sluitbare kaste ens wat sal help om die Cyferskuilers se droom te verwesenlik word hoog op prys gestel.

KONTAKPERSOON: RAYMOND KRUGER (083 267 6930)